

17 Augustus

1 Kronieke 21

### God dwing hoogmoediges op hulle knieë

Die groot gevaar wanneer mens voortdurend voorspoed beleef, is dat mens afgestomp kan raak in jou geloof. Die gevaar dat 'n suksesvolle mens begin om deur sy sukses verblind te word, is baie groot.

Ook Dawid se sukses het uiteindelik na sy kop toe gegaan. Hy wou sy eie mag meet in terme van getalle. Dawid het vergeet dat die getalle aan die Here behoort. Die Here gryp egter in en leer Dawid 'n baie belangrike les. God wat die getalle gee, kan dit ook neem. Hy tref sy volk met 'n baie groot plaag en baie mense sterf.

Is God se optrede nie bietjie kras nie? Onthou egter dat Hy regverdiglik almal kon uitroei weens hulle sondes. Alle mense verdien immers die dood! Dit is ook baie onwaarskynlik dat slegs Dawid God vergeet het. 'n Baie groot deel van die volk sou waarskynlik self magsdronk geraak het en 'n les moes leer. God se genade spreek dus juis uit die beperktheid van sy optrede. Ons moet ook in gedagte hou dat God juis diegene tugtig wat Hy liefhet. Hy bring juis die hoogmoedige volk en koning weer in nederige aanbidding op hulle knieë sodat hulle nie verlore moet gaan nie.

Bereik jy jou sukses van jou knieë af? Indien dit nie so is nie, is dit tyd om dit te begin doen ... voordat God jou in sy genade met geweld op jou knieë moet dwing!

*Sing: Psalm 33:8,9*

*Ds HB Hattingh (Amanzimtoti)*